

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

lukkig sy beste voordonkie teen die pens geskawe. Ek moes goed oppas dat my ou vrou nie hierdie boodskap agterkom nie. Maar ek was nie eens ontevrede nie, my ou Neef; want ek sê toe so: 'Wag, ek wil nou eenmaal vir ou Lowies Oukel goed uitvinde'.

Maar toe die twee jaar om is, my ou Neef, toe was dit vir my baie swaar om die vyf kindertjies langer so dag vir dag heen en weer te laat vervoer, want 'n aanhoudende droogte het my toe reeds van alkante geknel. Toe praat ek met die skoolmeester oor die saak, en hy sê toe dat hy my lank reeds bejammer het en dus weer met die skoolraad oor die saak gaan praat het, met die gevolg dat daar nou kan aansoek gedoen word om vervoertoelae vir die vyf kindertjies. Die meester het ook reeds die nodige aansoekvorms by hom wat net kon ingevul word.

Ons laat toe vir ou Lowies Oukel roep, vertel hom alles en versoek hom om sy naam voor 'n vrederegtter op die vorms te teken. Maar die ou wou eers weet wie dan die vervoertoelae vir die vyf kindertjies moet ontvang.

'Natuurlik die man wat die kindertjies vervoer', antwoord die meester daarop driftig.

Toe sê ou Lowies Oukel: 'Nouja, ek kan nie my ou vyf kindertjies vervoer nie, maar dis darem ook nie reg en billik dat julle gelde moet kry wat aan my eie ou kindertjies besteë word

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

nie, want julle moet darem so reken, ek is die man wat vir hulle al vyf die kos en klere moet verskaf'.

'Nou maar wat stel Neef dan voor?' vra ek hom toe.

'Dat ek die vervoertoelae self moet ontvang om vir my ou kindertjies beter te kan sorg', antwoord hy.

'En ek of iemand anders moet dan maar sonder enige vergoeding jou ou kindertjies langer vervoer?' vra ek hom nou weer.

'Nie sonder enige vergoeding nie', sê hy dadelik, 'want my ou vyf kindertjies versterk tog julle skool se getal, en help om hom op die manier aan die gang te hou'.

Die skoolmeester en ek kyk vir mekaar, want toe weet ons dat hierdie ou Lowies Oukel ver bo ons vuurmaakplek staan om hy ook van die soort mense is wat ewig meen dat *hy* alleen altyd aan *hulle* dank verskuldig is, of altyd alleen afhanklik is. En met sulke mense is niks te beginne nie, my ou Neef, niks. Om hom nou op die onskatbare waarde van sy kindertjies se opvoeding en geleerdheid te wys, en sy dure, vaderlike verantwoordelikheid daarvoor, sou niks gebaat het nie: In sy oog behoort ons *hom* te bedank en vergoeie dat hy nog genadiglik ons skool met sy vyf kindertjies ondersteun.

Die skoolmeester en ek besluit toe maar om ou

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

Lowies Oukel sy sin te gee, en in die toekoms te probeer uitvind of daar dan werklik hoegenaamd g'n manier sal wees waarop ons sy ou koue hart sal kan steel en versag nie. Goed, van die dag af span die skoolmeester en ek saam om die vervoerkoste van die vyf kindertjies te dra, terwyl ou Lowies Oukel gereeld by die end van elke skoolkwartaal die volle toelae daarvoor gretig by die skoolraadsekretaris gaan ontvang.

En toe weer 'n jaar om is, my ou Neef, toe het die skoolmeester en ek die vyf kindertjies 198 skooldae, tweemaal op 'n dag, laat vervoer, terwyl ou Lowies Oukel daarvoor die totale som van £ 24 . . 10 ontvang het.

In dié tyd het die skoolmeester een môre vir ou Lowies Oukel daarop gewys watter groot onkoste die Staat vir die opvoeding van ons kindertjies maak, en vir hom voorgereken wat net ons skooltjie se boeke, banke, landkaarte, sy kindertjies se vervoertoelae ensovoorts kos. Maar toe het die ou die skoolmeester gou in die rede geval en gesê dat die Staat nog baie meer vir ons behoort te doen, want as 'n klomp Boesmans uit die Kaliharie of 'n spul Kaffers uit die ooste hier in die ou Kolonie kom inbreek, dan sal die Staat ons nodig kry om vir hom die barbare te help keer'.

'Maar, oom Lowies Oukel', sê die meester, 'ek sou dink dat ons in so 'n geval enkel uit liefde

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

vir ons eie veiligheid, ons eie vlees en bloed en eie vrou en kind somar gretig en meer as vrywillig moet help keer'.

Toe staan die ou so 'n rukkie, my ou Neef, en sê eindelijk: 'Nee, dit kom nie daarop aan nie, want die Staat is altyd meer oor *ons* verleë as ons oor hom'.

Amper het ek die ou toe bestorm met 'n vloed van woorde. Maar die meester keer my en fluister my toe: 'Die mens moet altyd die mens leer ken om jouself beter te leer ken, maar jy moet dit met mooiged doen, want kwaad kan nie kwaad regmaak nie'.

Nou goed, my ou Neef, die meester en ek het dan toe maar verder aangehou om die vyf kindertjies te laat vervoer uit eie sak tot weer 'n jaar om is soos reeds gesê. By die begin van 'n nuwe jaar versoek enige baie behoeftige ouers toe dat hulle kindertjies voortaan moes vry wees van skoolgelde en dat skoolboeke en ander benodig-hede aan hulle ook gratis moes verskaf word. En die paar ouers *kon* ook nie betaal nie; daarvoor was hulle eenvoudig te arm en uiters be-hoeftig. Hulle versoek word dus toegestaan.

En spoedig daarna, my ou Neef, spoedig daarna was die meester en ek verplig om uit eie sak die skoolgelde en boeke en ander benodig-hede van die vyf kindertjies van ou Lowies Oukel te betaal.

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

Immers, hy wou toe skielik ook nie meer betaal nie, want hy sê daardie brandarm ouers is mos niks beter as hy, om bo hom bevoorreg te word nie. En die skoolraad wou nie sy aansoek om kwytskelding van alles aanneem nie om hy nog te welaf is. En as iemand anders dan nie vir sy part betaal nie, dan vat hy sy kindertjies uit ons skool en stuur hulle alsolief na Jerigo of na die Dooi See, solank hy dan maar ons skool wat ons terwille van die Boesmanlandse opvoeding probeer aan die gang hou, kan benadeel. En daar hy die ondankbaarheid self is kon ons nie met hom redeneer nie.

Nouja goed, my ou Neef, die skoolmeester en ek vervoer die vyf kindertjies en ons betaal hulle ou skoolgeldjies en alle ander skoolbenodighede vir weer 'n jaar. En toe hierdie jaar ook om is, my ou Neef, toe raak ou Lowies Oukel in die lang somervakansie net lelik in die knyp, want hulle gaan toe kuier na 'n dorpie wat baie ver van ons af lê, en daar word sy ou vrou dodelik siek. En die siekte het geduur en geduur tot ou Lowies Oukel sy laaste trippensie daar op die ou duur dorpie spandeer het vir losies vir hom, sy siek vrou en sy vyf kindertjies, en vir dokters en vir sy trekdier waarmee hy gaan kuier het.

Toe moes hy eers alleen uitspring huis-toe om nog geldjies in hande te kry, want sy vrou het al sieker geword en hy kon haar nie vervoer nie.

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

By sy huis gekom, sien hy dadelik dat sy boerdery sonder sy oog heeltemal sal agteruitgaan. Toe besluit hy om tenminste eenmaal per week sy boerdery van die verre dorpie af te kom besoek.

Toe is hy weer dorp-toe met 'n hele klompie geld op sak. Maar gou vind hy uit dat dié geldjies ook nie te lank sal hou nie, te meer daar die losies vir hulle so bitter duur is. Toe wou hy hê die skoolraad van die dorpie moet sy vyf kindertjies in die dorpskool inneem en van alles gratis voorsien. Maar toe ondervra hulle hom eers soos advokate 'n misdadiger, en toe lees hulle hom die leviete so streng voor, dat hy kort daarna by ons ou skooltjie met die vyf kindertjies aangepiekel kom. Maar die skoolraadsekretaris van daardie dorpie het ons toe reeds van alles verwittig omtrent ou Lowies Oukel en sy vyf kindertjies. Dus, toe hy die kindertjies by ons bring, hou ons ons eers baie dom en vra hom hoekom hy nie liever die stomme ou bloedjies op die dorpie waar makliker gratis onderwys sal wees, laat bly nie.

Maar nee, die ou se keuse is dan kastig om liever sy vyf kindertjies by ons te laat bly as op enige ander plek. Dit kon ons egter toe kastig nie verstaan nie; hy moes eers vir ons duidelik maak waarom sy keuse nou eers net juis op ons geval het. Maar die ou gooi hom hier, my ou Neef, en

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

hy gooi hom daar, maar hy wou op die dood nie met die kat uit die sak te voorskyn kom nie.

Toe waag ons dit om hom te vra of hy dan nie darem van nou af ook aan ons sal kan probeer dink nie; al gee hy ons maar af en toe 'n ou skapie en ou bokkie en ook soms 'n ou steentjie boerseep of soiets vir al die onkoste wat ons reeds vir die vyf kindertjies gemaak het en nog verder sal moet maak. En toe laat sak hy maar sy ou styfhoofdige kop, my ou Neef, hy laat sak hom en sê stuurs: 'Nouja, ek kan nie blo nie, maar ek sal darem sien wat ek kan doen.'

Die meester wou toe nie hê ons moet verder vir hom opdruk nie, want anders sou dit lyk ons maak van sy nood met sy arme vrou se siekte gebruik om hom te laat betaal.

Nou goed, my ou Neef, die meester en ek laat die vyf kindertjies weer vir twee jaar aan een boeg leer en betaal vir alles saam. In die tussentyd het ou Lowies Oukel se ou vrou maande lank op die dorpie siek gelê, en die arme ou kêrel het dit later net hard gehad om so kort-kort die lang, heen en weer rit tussen sy siek vrou en sy boerdery af te lê. Om die beurt het hy al later al sy trekdier vir die ritte gebruik en was hulle al almal lam en tam van die togte. Toe hy dus weer 'n slag met vier uitgeputte diere op sy werf aankom, bied die meester hom sy twee karperde aan om mee terug te ry.

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

Of die ou oor hierdie aanbod bly of dankbaar was kan ons nie sê nie, want hy het net gesê dat hy dit dan maar sal aanneem terwille van sy ou siek vrou. En toe hy later van die dorpie af terugkom met die meester se karperde, het ek hom weer my twee sterk muile aangebied, sodat sy trekdiers nog bietjie langer kon uitrus. En ook hierdie muile het hy terwille van sy siek vrou aangeneem.

Maar een van die muile het ek nooit weer gesien nie, want 'n dorpsperd (so het ou Lowies Oukel kom vertel) het hom doodgeskop. En toe wou hy net weet wat die muil my gekos het. En toe hy dit te wete gekom het, toe sê hy so half verwyttend, asof ek die grootste oorsaak van die arme muil se dood is: 'Nouja, dan moet (hy lê groot nadruk op 'moet') ek jou mos betaal, en dit sal ek dan maar moet doen, al verkoop ek ook die helfte van my besitting vir 'n appel en 'n ei om die geld in hande te kry.'

'Nog glad nie so erg nie, neef Lowies Oukel', sê ek, 'jy kan my maar eendag 'n ou skapie of 'n ou bokkie vir die muil gee.' Want ek dag toe dat dit nou weer vir my 'n seldsame kans is om die ou se hart te steel en te kyk of daar dan geen erkentlikheid in hom kan opgewek word nie. Maar toe antwoord hy net: 'Nouja, ook goed, want dis net soos jy wil.'

Sy arme ou vrou is later op die dorpie dood

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

en tog verlos geraak van die wêreld wat met soveel ondank loon. En toe het ou Lowies Oukel na haar begrafnis teruggekom en net vir sy wêreldsgoed gelewe en geswoeg. En die skoolmeester en ek het maar solank vir die vyf kindertjies gesorg tot eindelik weer twee jaar soos reeds gesê om is.

By hierdie tyd het drie van die kindertjies standerd VI deurgekom en kon dus maar die skool volgens wet verlaat. Maar ons bly daarvan stil teen ou Lowies Oukel, en laat hulle maar uit ons sak nog bietjie verder leer. En toe weer 'n jaar om is, my ou Neef, het hierdie drie kindertjies standerd VII met lof deurgekom. Toe kon ons hulle egter nie langer hou nie, en toe het ou Lowies Oukel hulle met blydschap ontvang, 'want', sê hy, 'nou kan hulle tog vir my met die boerdery help.' Dat hulle standerd VII deur is, het hy nie eens aan gedink nie. Die skoolmeester en ek het dan ook nie eens 'n 'dankiehond' van hom ontvang nie, wat nog te sê 'n ou skapie of ou bokkie. . . .

En sien jy, my ou Neef, toe weer 'n jaar om is en weer 'n kindjie van ou Lowies Oukel ook standerd VI deur was, toe het ons darem nie die moed om ook hierdie kindjie vir standerd VII te laat leer nie. En so 'haal ons hom dan maar halter af', soos ons sê.

Maar toe ou Lowies Oukel gewaar dat ons

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

hierdie kindjie los voor hy dieselfde standerd van die vorige twee bereik het, word hy op ons verbitterd en gaan op meer gemelde dorpie 'n hele boel leuens vertel, en smEEK en bid dat sy jongste kindjie wat toe nog in ons skool oorgeskiET het van nou af op die dorpie gratis losies en onderwys moes ontvang.

Dit word hom toegestaan mits hy ons ook daarom behoorlik vra en ons ons toestemming gee. Ongelukkig het ons nie van hierdie dingetjies betyds gehoor nie, want die ou het stilletjies te werk gegaan. Toe op 'n goeie môre, weier hy om sy kindjie wat ons laat skool-toe haal het, te stuur. Verwonderd gaan ons die rede hierom vra. En toe breek die ou los: Ons het sy vierde kindjie uit die skool gejaag, en nou sal die vyfdejie daar alleen doodtreur; hulle het hom op die dorpie kastig gesê sy jongste ou kindjie moes al lank reeds daar in skool gewees het; die aansoekvorm vir die kindjie is al kastig weggestuur Kaap-toe; die skoolraad het hom so jammer dat hulle hulle bloed vir hom wil tap en so kan hy hulle nie nou teleurstel nie ens. ens.

Daarop gaan die meester so reg voor hom staan en breek ook los met 'n storie. En hierdie storie was so raak, so reguit en op die man af, dat die ou later met 'n hangende kop aan rondtrap geraak het. En toe die meester ons konneksie met die vyf kindertjies van a tot z in bytende,

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

gloeiende woorde afgeskilder het en daarby op ons galbitter stank vir dank ook gewys het, toe versoek hy ou Lowies Oukel in die ootmoedigste taal om ons nou vir die eerste maal in sy ou gevoellose lewe ook 'n klein gunsie te bewys: Die gunsie was dat hy sy ou kindjie nog slegs net een ou maandjie, ja net vier ou kort wekies, ja slegs twintig ou kortstondige skooldaggies by ons in skool moes laat bly. Want die meester maak duidelik dat hy die kindjie baie goed opgewerk het vir sy standerd, en dat hy ook nou maar graag die vrug van sy arbeid self wil pluk, as die skoolinspekteur by die einde van nog net één ou maandjie kom; dan kon die ou kindjie dan maar met alle plesier na die ou dorpie gaan. En die meester gaan verder en maak alles weer 'n slag nog beter duidelik, beroep hom toe op die ou se eie gewete vir die waarheid wat hy sê, en smEEK nogmaals om die ou gunsie met verdere noukeurige uiteensetting van die hele omstandigheid.

Ou Lowies skyn toe uit die veld geslaan te wees en sê eindelijk: 'Nouja, dan sal ek glo maar *moet toegee*'.

Bang dat hy dalkies weer van hierdie soort van instemming kon afsien, verlaat ons hom oombliklik met woorde van dank vir die gunsie en die versekering dat ons die kindjie die volgende môre sou laat haal.

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

Maar die volgende môre kom ons kar sonder die kindjie terug, my ou Neef, sonder die ou kindjie, want ou Lowies Oukel het reeds dieselfde nag met die kindjie na die ou dorpie vertrek. . . .

Die meester het toe vir my gesê: ‚Nou voel ou Lowies Oukel seker baie verheug.‘

Toe antwoord ek: ‚Ja, want nou gevoel hy hom mos van ons verlos en ontslae sonder één enkele woordjie van dank.‘

Maar ou Lowies Oukel was darem nog nie heeltemal van ons bevryd nie, want ons het nog die voorreg gehad om goedwillig sy koerantjie en briewe met ons privaat possak saam met ons pos van die naaste poskantoor wat ook maar baie veraf geleë is te laat bring. En ons het ook nooit ’n geleentheid van ons af na hom laat verbygaan nie of ons stuur sy pos saam. En hiermee het ons getrou aangehou en ook intussen baie oor alles nagedink. Toe later skryf ons vir hom ’n vriendelike briefie en stuur dit saam met sy pos. In die briefie versoek die meester en ek hom baie nederig dat hy ons voortaan moet help betaal vir ons privaat possak en posvervoer, al was dit ook net één ou skapie of bokkie of steentjie boerseep soos hy nog self sal weet dat hy vroeër vir ’n muil en vir onkostas aan sy vyf kindertjies besteë belowe het om te betaal. (Want ons wou hom darem maar graag ook aan sy

BOESMANLANDSE ONDANKBAARHEID

vorige beloftes wat hy nooit nagekom het nie, ook herinner.)

En sien jy, my ou Neef, net vanmôre het ou Lowies Oukel se antwoord op ons briefie gekom. En raai bietjie, my ou Neef, wat hy geantwoord het; maar ek weet ook al jy sal nie kan raai nie, want dis moeilik vir vlees en bloed om dit te verstaan. Ons ken mos nie soiets nie; ons kan ons mos nie vir ons in soiets indink nie. En daarom het ek mos ook nie vanmôre taal nie. O, jy wil weet wat hy geantwoord het in sy briefie? Nouja, goed, my ou Neef, hy het teruggeantwoord: —

'Warde Meester, en warde neef trawant van die meester, as julle langer vir my met 'n ou skapie of bokkie beskinner, sal ek julle laat dagvaar vir laster, en as julle nie langer my pos gratis laat kom nie sal ek julle gaan verklae vir woordbreuk want julle het self belowe om dit te bring en nou wil julle daarvoor betaling hê.'

H o o f s t u k XIV.

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES.

Oompie Lusveg en ou Dikkedy het oor 'n bogterytjie rusie gekry. Dit het so gekom: Hulle het eendag gaan jag, maar na alle rondsoekery tog g'n wild gekry nie. Later was hulle al so moeg en moedeloos dat hulle besluit om maar huis-toe te draai. En dit was juis op hierdie terugtog dat die rusietjie ontstaan het, want onverwags sien hulle tegelyk 'n ou springbokkie, en tegelyk brand hulle op hom los. Toe die skote klap, toe val die ou bokkie dan ook dat hy glad dáár diekant lê — dodelik getref deur slegs één koeël. En toe hulle die één wond in die ou bokkie gewaar, toe sê die een aan die ander: „Ek het hom geskiet! Ek het hom geskiet!”

Ongelukkig lag ou Dikkedy daarop asof hy met oompie Lusveg se bekwaamheid met 'n geweer die spot dryf. Oompie Lusveg kon dit nie verdra nie en sê: „Jy is mal en jy is verspot en jy is . . . jy is . . . jy is 'n aap.”

„Ja, laat ek maar 'n aap wees”, sê ou Dikkedy, „maar ek het jou darem uitgeklop en alleen die bokkie raakgeskiet.”

„Dit lieg jy!” roep oompie Lusveg al woe-dender uit.

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

„Nou laat ek maar lieg ook, maar ek weet darem waar ek korrel gevat het”, sê Dikkedy.

„Nou en hoe dink jy waar het *ek* korrel gevat? Seker op in die lug, nè?” spot oompie Lusveg.

Ongelukkig gaan ou Dikkedy toe te ver, want hy sê: „Wel, dit lyk vir my of jy op in die lug korrel gevat het, want kyk self, jy het nie eens één haartjie van die bokkie geraak nie.”

Hierdie woorde was darem vir oompie Lusveg glad te veel, en so het sy regterhand as vanself in 'n vuus geruk en op dieselfde oomblik reguit op ou Dikkedy se linkerkakebeen gevlieg. En toe het daarop 'n verdere handgemeenskap gevolg wat nie heeltemal mooi gelyk het nie, want oompie Lusveg en ou Dikkedy was ewe sterk, en nie een van hulle wou die eerste ingee nie. Hulle was darem later so uitgeput dat hulle maar eindelijk uitmekaar gestap het. Die ou springbokkie het egter daar bly lê.

Toe ou tannie Sannie, oompie Lusveg se vrou, van die gedoente en die springbokkie hoor, toe sê sy: „So 'n niksnutsige ou Dikkedy! Jannie, my kind, loop gou terug op jou pape se spoor en loop haal die bokkie wat hy geskiet het.”

Maar ou tant Josina, ou Dikkedy se vrou, het toe ook net juis van die storie by haar ou wederhelf verneem. En toe het sy weer op oompie Lusveg uitgevaar, en haar seun, Dik Dirkie, ge-

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

stuur om dieselfde bokkie „wat sy pape sou geskiet het” te gaan haal.

Jannie van tannie Sannie en oompie Lusveg, en Dik Dirkie van tant Josina en ou Dikkedy spring toe toevallig (sonder hulle van mekaar weet) van twee verskillende werwe af tegelyk weg op die spore van hulle papas. En toevallig sien hulle ook mekaar later tegelyk na die bokkie, wat hulle toe ook al sien lê het, aangestap kom.

„Heei”, roep Dik Dirkie, „wat loop maak jy?”

„Dit — traak — jou — nie!” skree Jannie terug.

„Dit traak my, jou askluitjie!” snou Dik Dirkie hom toe.

Op hierdie woorde vlieg Jannie hom letterlik agterna. Maar Dik Dirkie was ook ’n gou kêrel, en so vlieg hy vooruit en gryp die bokkie beet. Jannie was egter toe darem ook by die hand en gryp self aan een kant en skree kwaai: „Los, los, my pa se bok!”

„Jou pa se bok! Jou pa kan nie eens ’n skilpad skiet nie!” spot Dik Dirkie.

Toe laat Jannie los en gryp vir Dik Dirkie aan sy kraag dat net knope waai en sê: „Vandag vrek jy!”

En op hierdie woorde volg toe ’n tweede handgemeenskappie wat die twee jongkêrels met die

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

grootste woede aanvaar en vir 'n hele ruk aan die gang gehou het, maar wat darem ook vir nie een van hulle twee aangenaam was nie. Immers, dit was 'n wedersydse gestamp, gekneukel, gekrap en geskeur dat albei later daarvan lelik toegetakel was. Boos, maar totaal uitgeput en magteloos lê hulle naderhand en hyg na asem.

„Ek het somar lus en kap jou met 'n klip”, sê Jannie.

„Toe maar; hier is meer klippe as een”, antwoord Dik Dirkie.

„Sies, jou onbeduidende ding!” roep Jannie nou uit.

„En sies, jou onbeduidende ding netso!” roep Dik Dirkie hom agterna.

„Hou jou smoel, of ek begaan vandag 'n ongeluk!” dreie Jannie nou weer.

„Jy moet *jou* smoel hou of ek begaan 'n groter ongeluk!” skree Dik Dirkie in sy gesig.

Daar was niks aan te doen nie: Die twee seuns was ook net so ewe sterk as hulle twee vaders; dit wil sê, ewe sterk in spierkrag, stoei en vuisslaan sowel as in uitdrukkings van slegsê, sarkasme en vernietigende antwoorde.

Gryp Jannie nog 'n slag die bokkie, gryp Dik Dirkie hom ook nog 'n slag, en dan hou altwee so ewe styf vas dat niemand een tree vooruit of agteruit kon verroer nie.

Net wat die een kan of doen, kan of doen die

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

ander dadelik ook; en in slinkse planne kon die een die ander ook nie uitoorlê nie. Woedend en radeloos spring hulle later tegelyk weg na hulle verskillende huise toe om, soos hulle ook tegelyk voorgee, hulp te gaan roep om die bokkie nou met alle geweld te kom haal. Maar na oompie Lusveg sy seun uitgehoor het, het hy gesê: „Laat die vergalste Dikkedy nou maar die bokkie vat wat hom nie toekom nie; dan is hy tog 'n dief en nie ek nie.”

En na ou Dikkedy weer na sy seun se ontboesemings geluister het, het hy weer gesê: „Nee, laat die ou verbrande Lusveg van 'n onregverdige dief maar die bokkie van my gaan steel, dan sal hy tog sy straf kry en nie ek nie.”

Maar met hierdie woorde van oompie Lusveg en ou Dikkedy was hulle vrouens en kinders glad nie tevrede nie. En so sê tannie Sannie aan hulle ou plaasjong: „Ou Kieskrap, kyk, ek gee vir jou somar vannaand 'n lekker en 'n groot stuk twak, maar hardloop nou eers op jou oubaas en jou kleinbaas se spore en gaan haal gou vir ou nooi die bokkie wat oubaas geskiet het.”

„Ja, sê tog, my ou nooi, dis hy daardie, my ou nooi”, antwoord ou Kieskrap en spring dadelik weg.

Maar in hierdie selfde tyd het tant Josina vir hulle ou plaasjong gesê: „Ou Vuurslag, my ou jong, dis amper seker dat ou Lusveg-hulle jou

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

oubaas se bokkie gaan vat, so moet jy nou hardloop soos die wind en dit vóór hulle wegvat en vir jou ou nooi bring. Kyk, jou kleinbaas sê net regs van die ou klein vuurklipkoppie, kortby 'n ou t'kaamboompie; en as jy die bokkie bring, dan moet jy kyk hoe 'n groot beker versterkwater jou ou nooi vir jou uit die ou swart karbatjie, wat onder in jou ou nooi se ou groot kis staan, skink."

Ou Vuurslag was 'n ou jong wat enige tyd gereed was om sy lewe vir daardie soort versterkwater op te offer, en so skree hy verblyd: „Eijo, my eie ou nooi, eijo, eijo!” en vlieg ook somar in die rigting van die bekende vuurklipkoppie.

Maar as drank vir ou Vuurslag oor die aarde kan laat vlie, dan kan 'n groot stuk twak dit darem aan ou Kieskrap ook laat doen. En so vlieg die twee ou swart skepsels ewe vlug nader, nader na mekaar toe. Die son wou net ondergaan toe hulle mekaar gewaar. Hulle was altwee baie oorlams en het somar ook tegelyk die hele posiesie begryp.

„Hetsé, Kieskrap se kêrelman, wat het jou ou nooi vir jou gabelowe as jy die spraingbok hoeis-toe bring?” vra ou Vuurslag.

Maar ou Kieskrap was slim en sê: „Nee, sê jy wat Vuurslag is, eers die meer eerste wat *jou* ou nooi vir *jou* gabelowe het.”

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

„Die groot beker versterkwater, dè, dè!” roep ou Vuurslag in verrukking uit.

„Nou brastag, ek kry die groot twak, dè dè!” roep ou Kieskrap net so opgetoë uit.

En nou skud hulle mekaar die hande oor die dubbele geluk.

„Nou deel ons die brendie en nou deel ons die twak”, sê ou Vuurslag lag-lag.

„En dan sal ons tog lê suip, en dan sal ons tog lê twak vreet”, sê ou Kieskrap weer.

„Maar wie moet nou die meer eerste die spraingbokkie na hy se ou nooi se hoeis-toe vat?” vra ou Kieskrap nou.

„Kieskrap se kêrelman”, antwoord ou Vuurslag, „kyk, jy weet, my oubaas en ou nooi gaan slaap die gouste; ek sal dan die meer eerste die bokkie lê wegbring, en jy moet jou daar kortby ons werf wegsteek.”

So gesê, so ooreengekom en gemaak.

.

Toe dit al heeltetal sterk skemer is, kom ou Vuurslag met die bokkie uitasem by sy ou nooi aangedraf. Nou was ou Dikkedy, tant Josina en Dik Dirkie darem in die derde hemel van blydschap dat ou Lusveg-hulle tog nie hulle sin gekry het nie, veral toe outa Vuurslag boonop baie verontwaardig vertel hoe hy die bokkie konsuis moes losveg en baklei van ou Kieskrap af. Ja, dit

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

was tog te na hulle sin, en hulle kon ou Vuurslag nie genoeg ophemel en prys nie. Ou Dikkedy sê toe somar: „Vrou, gee maar vir arme ou Vuurslag 'n *hele* bottel lawaaisop, en jy, ou Vuurslag, kan môre maar in jou pondok bly, want ek wil nie dronk moleste hier op my werf hê nie.”

Toe was dit onmoontlik om te sê wie blyer was — ou Dikkedy en sy gesin, of outa Vuurslag.

Daarna sê tant Josina: „Kyk, ou Vuurslaggie, hier is nou jou botteltjie, maar vat nou gou eers die springbokkie en gaan hom in die afdakkie bewerk soos gewoonlik.”

Deur ondervinding het ou Vuurslag goed ge weet dat sake omtrent die bewerking van die bokkie so 'n beloop sou hê, en daarom het hy aan ou Kieskrap die voorstel gemaak dat die bokkie eers na tant Josina se huis moes gebring word. Hy vat toe die bokkie en verdwyn in die duisternis, kastig na die afdakkie se kant toe, maar werklik draai hy spoedig weg na 'n damwal waar hy vir ou Kieskrap kry.

„Toe, hetsé, Kieskrap, ek het glad 'n *hele* bottel, verstaan jy? 'n hele bottel!” fluister hy vir ou Kieskrap toe.

Daarop gryp Kieskrap die bokkie en sê: „Nou so brastagga as my oorl ta morsdood is, ek gaan haal nou 'n *hele rol*, verstaan jy? 'n hele rol!”

En toe was dit vir hom niks om die twee heu-

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

weltjies tussen die twee wonings met die bokkie agter sy rug in 'n kits oor te hardloop nie.

Oompie Lusveg-hulle was nie mense wat saans vroeg gaan slaap het nie, en so kry ou Kieskrap die hele gesin in hulle ou kookskermpie waar hulle gewoonlik saans by die vuur sit en gesels.

Ook hier was die vreugde groot toe ou Kieskrap die bokkie voor sy ou nooi se voete kom lê. Maar die ou was kastig eers so moeg en gedaan dat hy nie alles kon duidelik maak hoe hy met ou Vuurslag oor die bokkie gespook en geworstel het en hoe hy die ou skelm maar later met belofte van twak moes omkoop nie. Hy vertel darem later met groot omhaal van woorde hoe ou Vuurslag hom vertel het hoe vreeslik oubaas Dikkedy en sy mense die bokkie begeer en reeds hulle tande vir die bokkie geslyp het, en hoe bitter, bitter hulle teleurgesteld en skaamkwaad hulle sal wees as ou Vuurslag nie die bokkie vir hulle bring nie. Dan haal hy weer woorde aan wat ou Dikkedy en sy mense kastig volgens ou Vuurslag sou gesê het om te toon dat dit *hulle* bokkie is en dat hulle hom wil hê en *moet* hê en sal hê.

„En jou ou kalant, toe koop jy ou Vuurslag om met twak, arrie, maar dis knap”, sê oompie Lusveg.

„Ja, en terwyl hy hom so goed gedra het”.

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

sê tannie Sannie, „moet ons hom maar 'n halfrol gee, dan kan hy vir ou Vuurslag betaal en vir homself ook nog genoeg oorhou.”

„Ag wat, Pa, gee hom maar 'n hele rolletjie, dis tog nie te groot nie”, pleit Jannie toe.

„Nou toe, gee hom dan maar 'n hele rolletjie”, antwoord oompie Lusveg sy seun, en toe voeg hy daarby: „Maar kyk hier, ou Kieskrappie, jy deel nie weer jou twak aan Jan Rap en sy maat uit nie, en voor twee maande om is, kom jy nie weer vir my twak vra nie.”

„Nee, my baas, brastagge nie, my baas”, antwoord ou Kieskrap en vertrek toe met sy hele rol na 'n plek waar hy ou Vuurslag bestel het.

Dit was 'n koue dag en die bokkie het van die paar uur sê lê nog glad niks makeer nie. Tannie Sannie en Jannie bewerk hom dan toe gou eers en hang hom daarna vir die nag aan 'n veilige, hoë vleispaal. En toe gaan hulle slaap. . . .

Ou Vuurslag het eerlik gewag tot ou Kieskrap by hom kom voor hy die bottel se prop ooptrek. Maar nou was daar darem ook g'n keer meer aan nie. Hulle moes nou suip en pruim. En dit het so lekker gegaan dat albei spoedig heeltemal aangeklam was.

Toe sê ou Vuurslag: „Hetsé, Kieskrap se kêrelman, jy moit nie dink jou duusvolk kan alleen die gahle spraingbok behou nie, néé; ekke

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

wat ou Vuurslag is gaan sny nou vir my duusvolk ok 'n stuk af."

„Dat sal ekke wat ou Kieskrap is so brastagge nie laat doen nie", sê ou Kieskrap, „want ek het die spraingbok aan my duusvolk gaverkoop vir 'n rol twak."

„En ekke had hom ok gaverkoop aan my duusvolk vir die brendie", sê ou Vuurslag.

„Kan nie help nie", antwoord Kieskrap, „maar die twak is die meer beste."

As antwoord hierop kry ou Kieskrap 'n harde slag oor die kop met 'n haaskierie dat hy bewusteloos neersak. En daar het hy gelê in 'n dronk en halfbewustelose toestand tot ligdag die volgende môre.

Toe word hy opeens nugter en toe stap hy na sy oubaas se huis. Maar hy was nog nie eens by die ou kookskerm pie nie toe skree sy ou nooi al: „Kieskrap, kyk, die Dikkedy-mense het jou wragtie vannag die helfte van ons bokkie kom steel!"

Ou Kieskrap bekyk die ou bekende vleispaal en ja, daar hang net die agterhelfte van die bokkie.

Nou val hom dit weer by wat ou Vuurslag gesê het, maar daar hulle saam die „duusvolk" probeer kul het, besluit hy om nie vir ou Vuurslag te verklik nie. Hy maak dus of hy ook glad verwonderd en verontwaardig is oor die diefstal.

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

Oompie Lusveg en Jannie was so verbitterd dat hulle baie te sê gehad het, en tannie was nog meer geskok oor die „brutale daad” soos sy dit genoem het. Sy skud haar kop en sê: „Nee, maar kyk, om darem so beesagtig laag te wees om darem van jou buurman se *vleispaal* af te kom steel — dis darem bietjie te erg.”

„Ja nee, kyk”, sê oompie Lusveg, „dis darem laer as . . . laer as . . . laer as laag!”

„Dis glad bo my vuurmaakplek”, sê Jannie.

„Das nie daing wat ekke ken nie”, las ou Kieskrap daarby.

„Maar ek sal julle sê wat ons nou moet maak”, sê oompie Lusveg weer, „ons stuur hulle nou hierdie stukkie bok ook; dan sal hulle weet ons het agtergekom wie die diewe is.”

„Ja”, sê tannie Sannie kwaai, „maar dan steek ons aan die stukkie bok ’n papier waarop staan: ’n Persentjie van mense wat baie jammer het vir sulke arme uitgehongerde bure wat snags aan andersmans vleispale kom ruik’.”

„Vrou, dis baie kras”, antwoord oompie Lusveg hierop, „dit kan ’n hofspraak afgee.”

„Ek wens dit gee nou net heden stonsies ’n hofspraak af”, sê tannie Sannie driftig.

Oompie Lusveg en ou Kieskrap wou nog keer, maar tannie Sannie was nou op haar perdjie, en so skryf sy self die briefie en heg dit aan die boud van die bokkie vas. Toe moes ou Kieskrap dit

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

dadelik gaan wegbring. Dit was baie teen die ou se sin, maar daar was niks aan te doen nie.

Maar tant Josina het ook vroeg die môre na haar ou afdak-vleishuisie gegaan om die nodige vleis vir die dag te haal, en te sien of ou Vuurslag die bokkie bewerk het soos sy hom geleer het.

Skaars was sy egter in die huisie of sy kom daar verwild uitgevlieg met 'n wonderlike storie: „Die springbokkie, ja die eie, geregtigde ou springbokkie wat jy, my ou dierbare man gister vir ons geskiet het, en wat arme ou Dik Dirkie soveel ergernis moes voor opvreet, en wat arme ou Vuurslag so moes om worstel en spook — dieselfde ou springbokkie is vannag in sy middel deurgesny en die helfte daarvan gesteel, *gesteel, gesteel!*”

Dit was te wonderlik. Ou Dikkedy en Dik Dirkie moes gou self na die huisie hardloop om hulle persoonlik van die affêre te oortuig. Onvertroubare volk was daar in die hele omtrek nie. Sulke brutale diewe is daar heeltemal onbekend. „Hoe is dit om vaders moontlik!” roep ou Dikkedy uit. „Dis darem vir my die wonderlikste ding wat ek al ooit op aarde van gehoor of gesien het”, sê Dik Dirkie.

Tant Josina het ook weer na die vleishuisie aangedraf gekom. Nou staan sy tussen haar man en seun en sê net kort-kort: „Bid jou aan, die hele helfte, bid jou aan!”

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

Later was dit of daar iets vir ou Dikkedy byval en toe sê hy: „Dirkie, my kind, die grond is baie hard, maar doen jou bes en gaan sny bietjie vars spore tussen ons huis en ou Lusveg se huis, maar moenie dat iemand van hulle jou eers ge-waar nie.”

„Ja, wil jy glo, dis hulle, dis tog hulle!” sê tant Josina ook nou.

Dik Dirkie was nie lank weg nie, toe kom hy met die berig: „Pa, daar teen die eerste rantjie lê oor 'n sagte plekkie die spore van ou Kies-krap; ek ken sy spore tog alte goed, en hy het van ons kant af na hulle kant geloop.”

„So 'n ou vuilis!” was al wat ou Dikkedy vereers kon uitbring.

„En wat den ongeluk moet hy van ons kant af na hulle kant toe loop en voeter?” vra tant Josina haar seun.

Dik Dirkie lag veelbetekenend en antwoord: „A, om ons springbok vir sy baas aan te dra.”

„A nee, maar wag, dis darem te veel”, sê ou Dikkedy, „hy het al gister my arme ou jong in die vrye veld onnodig gemolesteer, en nou kom hy jou gedoriewaar binne in my vleishuis voeter — wag, ek sal hom kry.”

Skaars was ou Dikkedy met hierdie uitval klaar of hulle hoor vir ou Pakhom, hulle ou troue waghond, voor die woonhuis se stoep blaf.

Dik Dirkie spring gou uit die vleishuisie om

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

te kyk vir wie ou Pakhom blaf, en kom spoedig terug en sê opgewonde: „Pa, reken, ou Kieskrap is jou wragtie hier met die ander stuk bok!”

Man, vrou en kind bestorm hierop vir ou Kieskrap; en die ou skepsel staan nog so ewe onnosel met die een helfte van die bokkie, toe gryp ou Dikkeby hom al aan sy arm en kuier hom tegelykertyd ook ongenadig met die vuus in.

„Bring my donkieplaks, donkieplaks!” skree ou Dikkedy nog daarby.

„Wat donkieplaks”, roep tant Josina uit, „vat somar hier my besemstok!”

Ou Kieskrap het 'n geharde en taai liggaam, en 'n kop soos yster, maar ou Dikkedy se vuus en tant Josina se besemstok het hom darem verskriklik laat seerkry, en doodverskrik en benoud roep hy onder die slae uit: „Asblief tog, asbliiii-ief tog, my ou bassie se bassie se baaa-assie!”

Eindelik was ou Dikkedy se kneukels en arms darem tog ook te lam om die sokie met ou Kieskrap verder voort te speel. Uitasem sê ou Dikkedy toe:

„Jou verbrande aap, ek sal vir jou leer om *my* springbok uit *my* vleishuis te kom steel, en dit dan weer ewe vroom hiernatoe te kom dra!”

„Ekke is nie alleen skoelag nie my baas”, antwoord Kieskrap beteuterd, „das die Vuurslag wat die bokkie so heel, heel eiste geestraand vir my by baas se damwal gakom gee had, want toe

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

had hy die brandewien gakry vir die bok, en toe moit ekke weer die rol twak kry vir dieselfde, eiste bok, my baas."

„Wat, *wat* sê jy daar?" vra tant Josina en ou Dikkedy tegelyk.

En nou vertel ou Kieskrap die hele storie; van hulle planne, hulle ooreenkoms, hulle leuens, die verder beloop van die hele gedoente — niks slaan hy oor nie. En hoe hulle gelag het oor die „duusvolk" se „domgeid", wat Vuurslag die vorige nag in hulle dronkenskap gesê en gedoen het, wat sy oubaas en ou nooi nou vanmôre gesê en gedoen het — dit alles maak hy ook op sy manier duidelik.

En die ou was nog so aan vertel, toe kom Dik Dirkie al met ou Vuurslag wat sy ma gou van hom laat roep het.

Ou Vuurslag was nog altyd dronk en nou parmantig daarby. „Ekke had mos vannag vir baas en nooi weer 'n stuk van die spraingbok gakom ophang, nou wat se gewerskafry is het dan nou nog soos stout kenders", sê hy ewe brutaal.

Dit was genoeg vir ou Dikkedy en toe stryk hy die ou skepsel onder die ken dat hy rûensagteroor neerslaan.

Daarop laat hy van ou Kieskrap en Dik Dirkie sy kar inspan. En toe hiermee klaar was, sê hy aan sy ou vrou: „Josina, die springbokkie het

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

amper-amper 'n liederlike ding tussen twee kristenhuisingesinne verwek; maar ons is mos nie wraaksugtig nie, so komi ons gaan nou alles aan ou Lusveg hulle duidelik maak en somar weer vriende maak ook."

„Ja", stem tant Josina in, „maar as hulle tog maar alles sal insien en nie dalk vir ons sal misverstaan nie."

„Nee, hulle kan mos die volk ook uitvra", antwoord ou Dikkedy.

„Hulle kan ons dalk eers beledig", sê tant Josina weer, „en dan kan ons dalk ook weer kwaad word, en dan gee dit weer 'n roesiemoesie af vóór hulle alles weet."

„Nee, ou vrou", antwoord Dikkedy hierop; „al beledig hulle ons ook hoe, dan moet ons maar hardop lag en hulle die ding al snaakser en belagliker probeer voorstel tot ons hulle ook eers aan die lag het, en dan is alles gewonne; jy weet daar is niks op aarde wat 'n kwaad so gou kan keer of oorwen as 'n aanhoudende en vriendelike lag nie."

Hiermee het tant Josina ten volle ingestem en toe het hulle vir hulle vas voorgeneem om te lag, lag, al gebeur ook wat.

Oompie Lusveg, tannie Sannie en Jannie was meer as verwonderd om vir ou Dikkedy en sy ou vrou voor hulle deur te sien stilhou. Maar toe die twee boonop nog lag-lag groet en sê: „Ous

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

kom julle 'n wonderlike, snaakse besigheid duidelik maak", toe rek hulle oë al groter en groter.

„Ja", sê oompie Lusveg, „by ons vleispaal het vannag ook 'n wonderlike en skandalige besigheid plaasgevind."

Maar toe lag ou Dikkedy en tant Josina so dat hulle eers nie hierop iets kon sê nie. Toe neem tannie Sannie haar kans waar om ook so bietjie lug te gee aan haar gevoelens in die griewendste taal.

Maar ook *dit* maak g'n saak nie; die twee besoekers lag al lekkerder.

Oompie Lusveg het gevoel of hy kon moor, en tannie Sannie het begin om bose wense te wens.

Toe sê ou Dikkedy: „My liewe neef Lusveg en nig Sannie . . . ha-gag-gaa . . . kyk, ons het ons totaal verspot gemaak . . . kyk . . . haa-ga-ga-gagga-gaaa . . . kyk, ons het ons deur kwaad en twee Hotnots aan ons neuse laat lei . . . ons . . . haggagagga-gaggagaaa . . ."

„Sies, Dikkedy, kan jy nie eens 'n mens so 'n verspot ou affêretjie duidelik maak nie!" val sy vrou hom hier in die rede, en toe vervolg sy geheimsinnig: „Wat ek nie kan kleinkry nie is dat die ou ongeletterde skepsels eers vir ons (hier wys sy op haar en ou Dikkedy) so lekker beet gekry het, en toe weer vir *julle*." (Hier wys sy op oompie Lusveg en tannie Sannie.)

BOESMANLANDSE BOGTERYTJIES

Nou probeer sy om nog verder iets te sê, maar bars opeens in so 'n lagbui uit dat haar ou wederhelf maar liever eers weer die woord moes vat.

Om van 'n lang storie 'n korte te maak — binne 'n uur het oompie Lusveg, tannie Sannie en Jannie ook alles met ou Dikkedy hulle se bril beskou en toe raak hulle ook aan lag, en toe was dit 'n oor en weer geselsery en oorvertellery met wedersydse beleefdheidsbetonings dat dit 'n hele aardigheid was.

Opeens kry hulle almal mekaar so lief dat niemand aan die skeidingsuurtjie wou dink nie. Dit het gelyk of die een maar wil aanhou met hoed afhaal vir die ander, so uiters doodbeleef was hulle vir mekaar. Met plesier het elkeen homself kleiner om tog maar net daardeur die ander des te beter te kan ophemel. Dit was die lekkerste oomblikke van hulle almal se lewe.

Toe hulle later egter verplig was om mekaar te groet, toe sê ou Dikkedy: „Neef Lusveg, tussen ons twee kom nooit, *nooit* weer sulke bogterytjies nie.”

„Nee, nooit, *nooit* weer nie, ou broer”, herhaal oompie Lusveg met erns en nadruk.

Hoofstuk XV.

'N BOESMANLANDSE SOKRATES.

Dit was op 'n Saterdagmôre dat ek op my terugreis van ons dorpie af huis-toe by oom Toutou aankom. Ons distrik was toe al lank reeds deur 'n vreeslike droogte geteister. Die boerdery was in 'n treurige toestand. Onderstandswerke was al lank aan die gang om die totaal uitgeboerde mense 'n kans te gee om die honger nie nader as voor die deur te laat kom nie.

Dit was toe ook al klaarpraat met oom Toutou se boerdery, en hy en sy twee seuns het ook aan die straatjies van ons ou dorpie met graaf en pik moes gaan werk.

Toe ek by oom Toutou kom, vra ek hom: „En werk Oom dan nie meer aan die onderstandswerke nie?”

„Nee, jong”, antwoord hy met 'n sug. Daarop vra hy my: „Sal jy my kan opnoem watter oorsake 'n mens verhinder om deur handarbeid 'n lewe te maak?”

Ek staan so bietjie en dink en sê toe: „Wel, Oom, hoë ouderdom, liggaamlike gebreke en gevaarlike kwale is seker van die vernaamste oorsake.”

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

„Nouja, goed, maar lyk dit vir jou of ek al te oud is vir werk?” vra hy nou. En toe ek hierop ontkennend antwoord, vra hy weer: „En lyk dit vir jou of ek blind is, of verlam is, of kruppel is, of enige ander gebrek aan my uiterlike liggaam het?”

„Nee, ook nie, Oom”, antwoord ek weer.

„Nouja, goed”, gaan hy weer aan, „eers het jy gesê dat ouderdom of 'n gebreklige liggaam of 'n gevaarlike kwaal die arme sondaar kan verhinder om te werk. En toe het jy weer ingestem dat ek nog nie te oud is nie, of te gebrekliek nie, . . is dit reg?”

„Maar seker, Oom, seker, seker”, bevestig ek.

„A, nouja, sien jy!” roep oom Toutou selfvoldaan uit, en toe vra hy met groot nadruk op byna elke woord: „Wat is dan nou die oorsaak wat oorskiet, en wat ook die ou sondaar kan verhinder om te werk?”

„Maar 'n gevaarlike kwaal, Oom!” roep ek letterlik uit.

Oom Toutou moes nou eers bietjie lag van tevredenheid oor die goeie resultate wat hy verkry het deur sy baie duidelike uitvraery. Daarop sê hy: „Daar het jy nou self die rêrige, regtige oorsaak gegee. En nou sal ek jou die hele ding vertel: Ek het al baie keer so naar geword dat ek vir ure half dood was. Verlede week het ek weer so geword en op die straat langs my pik

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

inmekaar gesak. Toe het die dorpsdokter met sy gehoorpyp gekom. En toe die dokter by my hart kom, toe het hy ook amper hartkwaal gekry van skrik vir *my* hartkwaal. En daarom, jong, daarom sit ek nou hier sonder werk en sonder verdienste."

Ek slaak 'n lang sug soos iemand wat treur, en toe sê ek so op 'n innerlike manier: „*Waarlik, regtig, dit spyt my om te hoor.*”

„Wat spyt jou, my kwaal of my werkloosheid?” vra oom Toutou.

„Al twee, Oom, altwee; ek bejammer vir Oom”, antwoord ek.

Oom Toutou lag en sê: „Nee, jong, vir my hoef jy nie so te bejammer nie, want hartkwaal en werkloosheid is maar wêreldsbeloop waarvoor ek nie aanspreeklik is nie; maar op ons dorpie is mense wat jy en ek baie meer moet bejammer, want hulle is verantwoordelik vir hulle gebreke. Dus hulle het die gebreke en 'n ewige verwynt daarby, hoewel hulle nog te lekker lewe om dit in te sien; ek, intendeel, kan my die kwaal en die werklose toestand nie verwynt nie, en dis so 'n groot geluk dat ek my ongeluk nog kan dra . . .”

„Nou maar wie is die mense dan, Oom?” vra ek hom hier in sy rede.

„Die kommissie, jong, die kommissie”, antwoord hy. En voor ek hierop nog iets kon sê,

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

hervat hy: „Kyk, jong, as ons twee aan 'n tafel lekker en gesels-gesels en broederlik saam sit en eet, is dit mos tog 'n teken dat ons smaak het vir eet, en dat die kos ook smaak het om geëet te word . . . is dit reg?”

„Ja, natuurlik, Oom”, stem ek dadelik in.

„Nouja, goed”, sê hy, „so is dit met alles; waar g'n smaak is nie, is ook g'n sin of lus of wil nie: jy sal mos tog nie iets sê of sing of doen of eet nie, as jy daarvoor hoegenaamd glad g'n smaak het nie; jyself of iemand anders sal jou daartoe moet *dwing*, maar dan sal wat jy gesê, gesing, gedoen of geëet het net so smakeloos as jyself wees.

Maar nou wil ek jou eers iets vra: Hoe is 'n ontydige ou vyetjie sonder geur en groei, al het hy ook die ou fatsoentjie en naampie van vyetjie?”

„Maar hy is ook smakeloos, Oom”, antwoord ek.

„En mense wat ook ontydig is, en wat dan boonop op 'n ontydige tyd iets vir hulle ewemens sonder sin, gewilligheid of lus doen, *hoe is hulle?*” vra oom Toutou my toe.

„Wel, Oom”, sê ek, „volgens netnou se rede-nasie moet hulle ook smakeloos wees.”

Hierop lag hy weer van tevredenheid oor my raak antwoord. Toe vervolg hy:

„Nouja, goed, nou sal ek jou sê; die kom-

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

missie daar op ons dorpie bestaan uit 'n slagter, 'n bakker en 'n tuiemaker. Hulle is soos jy weet aangestel om die meel, mielies en ou klere wat barmhartige mense uit geseënde distrikte gestuur het, onder ons dood- en brandarmes uit te deel. Maar elke maand het hulle 'n ander tyd waarop die behoefdiges moet kom om iets te ontvang. En as die behoefdiges op die ander tyd kom, dan moet hulle daar op die dorpie sonder kos lê van die môre tot die laat agtermiddag wanneer dit nie meer uitdeelyd is nie. En dan kom die bakker-slagter-tuiemaker-kommissie eers voor die dag en skop met elkeen 'n kabaal op om die arm mense so behoefdig is. Maar na die kabaal koel die danige kommissie darem so bietjie af en slaan oor in 'n gebrom om hulle deur die arm behoefdigte mense konsuis so lastiggeval word. En na die gebrom begin die kommissie dan eindelijk onder tekens van die grootste ongewilligheid, en dus smakeloosheid, aan elke behoefdigte ou sukkelaar só 'n bietjie meeltjies uit te deel, dat g'n sterfling daarvan kan lewe nie.

Nou toe, kom nou en luister nou goed: Die ou vyetjie van netnou is ontydig en die kommissie ook; die ou vyetjie het net die *naam* van vyetjie, maar beantwoord nie aan sy doel nie en die kommissie ook; die ou vyetjie is smakeloos en die kommissie ook. Nou toe, my ou vriend, nou vra ek jou — soos *wat* is die kommissie?"

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

Ek skrik half by hierdie skielike vraag, maar dadelik antwoord ek darem: „Maar Oom, dan is die kommissie net soos die ontydige ou vyetjie.”

Oom Toutou staan so bietjie agteruit; toe kom hy vlak voor my staan, steek met sy wysvinger amper in my oog en sê: „A, daar sê jy dit nou self! — net, ja, net soos 'n ontydige ou vyetjie.”

Daarop staan oom Toutou nog so 'n rukkie en verlustig hom met smaaklike glimlaggies en hoofskuddings oor die laaste uitstekende resultate van sy uitvraery. Toe neem ek ook my kans waar en sê: „Ai, oompie Toutou, dis mos Saterdag vandag, en so moet ek nou dadelik vertrek om nog noodsaaklike huiswerke te verrig wat nie op Sondag kan en mag gedoen word nie.”

Maar opeens neem oom Toutou 'n baie verontwaardigde houding aan en sê: „O so, en dan sou ook jy my nie gun dat ek wat vandag 'n arme ou oorskiet op die wêreld is, jou my gegronde griewe blootlê nie!”

„Nee, Oom”, antwoord ek verleë, „dis nou darem nie so erg nie; ek sê maar net ek moet nog gaan werk voor dit Sondag is.”

„Nou, daar is nog tyd voor”, sê hy en vervolg, „maar kom, daar is op ons dorpie nog 'n Kerkraad, 'n Skoolraad en 'n wonderlike Afdelingsraad, — wat dink jy van hulle?”

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

„Wat ek van hulle dink, oompie Toutou?”
vra ek verleë en verwonderd.

„Nee toe maar”, sê hy, „vertel my eers —
wat is jy, as jy vir 'n Sap-kandidaat stem?”

„Maar dan is ek ook 'n Sap, Oom”, ant-
woord ek.

„En as 'n Kerkraad net vir ryk mense stem
om nuwe Kerkraadslede te word, — vir wie is
die Kerkraad dan?”

„Maar, Oom, dan is hulle natuurlik net vir
ryk mense”, antwoord ek weer.

„A, daar het jy dit, daar het jy dit”, herhaal
oom Toutou, „dis ons Kerkraad, daardie, want
hulle bestaan altyd almal net uit ryk mense.
Maar nou wil ek jou vra — wat soek soort
altyd?”

„Hoe sê Oompie? Wat soek wat altyd?” vra
ek nou weer op my beurt.

Nou word hy opeens ongeduldig en sê: „My
lieuwe man, sê ons nie altyd, 'soort soek soort'
nie?”

„Jaaa”, stem ek lankuit in, „dis mos waar,
soort soek soort.”

Nou lag oom Toutou weer lekker. Toe sê hy
later: „Daar het jy weer ons Kerkraad; hulle is
almal ryk en is net vir ryk mense, want soort
soek soort.”

Om van 'n lang storie 'n korte te maak —
oom Toutou begin my daarop toe weer 'n hele

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

boel vrae te stel om per slot van rekening weer op die Skoolraad neer te kom. En toe ek weer vir my kom kry, toe het ons tot die slotsom gekom dat die Skoolraad net 'n stukkie partydigheid is wat net vir seker ouers se kinders sorg, dat dié opgevoed en vir die toekoms geholpe word.

Daarop pak hy my toe weer met gans nuwe vrae. En eindelik was ons seker van die volgende drie feite: (a) Van uitstel kom altyd afstel, (b) dat uitstel dus meer as gevaarlik is om hy niks ten uitvoer bring nie, en (c) dat ons wonderlike Afdelingsraad altyd alle belangrike sake uitstel en afstel.

En nadat oom Toutou my boonop nog deur ander vrae daartoe gebring het om te erken dat ons tot geen verkeerde konklusies gekom het nie, het ek weer ernstig probeer om te groet en te vertrek, maar dit was tevergeefs. Hoe ek ook vir hom daaraan herinner het dat dit dié dag Saterdag is en ek nog moes gaan werk voor dit Sondag sou wees, dit het maar weer nie gebaat nie. Immers, oom Toutou bestorm en oormeester my met verwyte om ek hom nie eens gun dat hy my *al* sy griewe duidelik maak nie.

Teen hierdie tyd het ek my al self verwyt en verwens dat ek ooit by oom Toutou langs gekom het. Maar beleefdheidshalwe sê ek niks van wat toe in my gemoed omgegaan het nie. En so neem oom Toutou toe nog 'n slag sy kans waar

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

en sê: „Kyk, man, daar is op ons dorpie ook mos nog ander mense soos die winkeliers, die prokureurs, die dokter, die 'dok-teks-kollekters', die skuldeisers, die rente-afpersers, die vlieënde moterdrywers, die vleiende klerkies, die lekkerkos-hotel-keepers, die haiklas kleermakers, die dentis-tandedokter, die nikswerd wamakers, die bysiende oogdokter, die . . .”

Verskrik roep ek hier uit: „Nee, mastikas, oompie Toutou! Dit sal nooit gaan nie, dis vandag Saterdag en ek . . .”

„Ja, man”, keer hy my ongeduldig, „dit het jy my nou al honderdmaal gesê, en dit weet ek netso goed as jy dat dit vandag Saterdag is, maar kom, gee my eers gou die uitleg waarom al die soorte dorpsmense wat ek nou net aan opnoem was op ons dorpie is.”

„Nee, my liewe Oom”, antwoord ek wanhopig, „vra my dan liever waarom al die kortelgies sand op Oom se plaas lê.”

Nou lag oom Toutou weer rêrig lekker en toe sê hy: „Man, dan sal ek jou die uitleg gee, maar sê my eers gou: Wat vra die prokureur jou, al het hy ook jou saak verloor?”

„Geld, Oom, geld”, antwoord ek botaf.

„Nouja, sien jy!” roep hy bly uit en vra verder: „En die dentis-tandedokter, jong, wat vra hy jou, al pyn en klop jou kakewa ook dat hy bars?”

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

„Maar natuurlik ook geld, Oom, geld!” skree ek nou hardop, en sê toe ook somar voor hy verder kon gaan: „Maar kyk, Oom, dis vandag die laaste dag van die week en . . .”

Verder kon ek egter nie kom nie, want toe klop oom Toutou my soet-vlelend op die skouer en sê baie harder as ek: „Nou sien jy, daar het jy dit! En die danige haiklas kleermaker, jong, wat vra hy jou, al gee die broekie wat hy gemaak het ook knieë?”

Ek was nou baie vies en ongeduldig en het so amper-amper my mond verbrand deur die arme ou grysaard 'n beledigende antwoord te gee. Gelukkig het my moeder my darem 'n goeie opvoeding gegee, en so bedink ek my net betyds.

Toe antwoord ek maar in vredesnaam: „My liewe oompie Toutou, ek sal vir Oom nou somar alles tegelyk beantwoord: Kyk, die wamaker, die winkelier ensovoorts, en die hotelman ensovoorts, en al die ander mense wat op ons dorpie leef en sterf ensovoorts — ja, hulle *almal* ensovoorts, is net geldmakers en vra net geld, *geld!*”

Hierdie woorde van my was darem te na oom Toutou se sin; ja, hy kon dit amper nie kleinkry dat ek hom so na sy smaak geantwoord het nie. Met 'n ou gesig wat vol plooië staan van lag, sê hy dan ook: „Man, man, só het jy darem nog nooit die waarheid gesê as nou nie!

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

Maar nou kom ek by my laaste punt, by my groot punt: Van wie *maak* hulle die geld? Van wie *eis* en *pers* hulle die geld? Uit wie *suig* en *vreet* hulle die geld? Ek sê van die boer, van die arme, reeds uitgeboerde boer! (Ja, my ou vriend, nou hoef jy my nie meer te antwoord nie, want nou sal ekself antwoord op elke vraag wat ek vra, — jy kan net stilstaan en luister.) Ek sê van die boer, van die boer!

En nou vra ek: wat maak hulle met die boer wat hulle reeds uitgesuig en toe opgevreet het? Wel, hulle stuur hom na iets wat hulle noem 'n uitdeelkommissie, maar wat in werklikheid soos 'n ontydige vyetjie is. En as die ou vyetjieskommissie hom nie wil help nie, en hy gaan kla dan sy node by die soort-soek-soort-Kerkraad, wat dan?

Wel dan kan die Kerkraad hom nie help nie, (want hy is mos arm en hoort dus nie by hulle soort nie) en verwys hom eenvoudig na die party-kliëk-Skoolraad of na die uitstel-Afdelingsraad. En word hy by een van hierdie liggame gehelp? Ek sê néé, duisendmaal néé! Want by die een word hy as 'n orige jukskei opsy gegooi om hy nie van hulle kliëk is nie, en by die ander word hy aan die uitstelduiwel oor-gelaat tot alles afgestel is.

En dan, wat dan? Wat word dan van die arme, uitgesuigde boer? Ek sê hy word dan met

'N BOESMANLANDSE SOKRATES

graaf en pik soos 'n tronkhotnot na ons dorpsstraatjies gestuur. En as hy dan hier op die straatjies swoeg en sweet, dan sê die haiklas-kleermaker en die nikswerd-wamaker en die tandeman-dentis ensovoorts (soos jy sê): 'Arrie, maar kyk, hy verdien mos weer geld!'

En dan bars al hierdie dorpsmeneertjies ensovoorts (soos jy sê) met 'n boel ou rekenings op hom neer, of hulle stryk persoonlik op hom af soos 'n trop aasvoëls en suig hom weer uit, want hy, arm ding, hy het mos die naam van *boer!*'

Hier skep oom Toutou net so bietjie asem en toe sê ek in baie smekende tone: „Ai, my liewe ou oompietjie Toutou, ek weet Oom sal my nie kwalik neem nie, want dis darem so waar as die son skyn vandag Saterdag en arme ek moet nog . . .”

Maar ek kon nie verder kom nie, want toe gryp hy my aan die baadjiepant en sê: „Stop, man, stop, want nou kom ek eers by die groot lewensvrae wat ek jou nou wil stel en . . .”

Dit was genoeg vir my. Ek ruk my dus los en spring op my rytuig.

Toe ek 'n twintig tree van oom Toutou wegjaag, toe hoor ek hom nog 'n slag agterna skree: „groot lewensvrae!” Maar toe skree ek net terug: „Saterdag vandag!” En toe klop ek die twee perde.

H o o f s t u k XVI.

TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI.

Dit het die jaar baie gereën en toe het die veld so mooi geword dat Geelmeis, die stokou koei van tant Saar, ook spekvet geword het. Toe sê haar man, oom Frikkie: „Saar, my ou hartlam, jy moet vanjaar vir ou Geelmeis aan die beeskoper verkoop, want sy is nou al so oud dat dit vanjaar jou laaste kans is om haar goed van die hand te sit.”

Maar hierop het tant Saar net swaar gesug en niks geantwoord nie. Toe die beeskoper egter later by oom Frikkie kom, toe sê hy weer vir haar: „Saar, my ou hartlam, vandag is nou jou laaste kans om vir Geelmeis te verkoop.”

Maar toe draai sy hom haar rug toe en sê: „Ag, toe maar, verkoop maar eers die osse en van die ander beeste.”

Kort daarna stap oom Frikkie en die beeskoper na die beeskraal. Die man was rêrig gretig om beeste te koop. Hy het somar in die kraal gestap en byna voor die voet die een bees na die ander uitgekeer. Oom Frikkie moes kort-kort sê: „Nee wag, Neef, dis nog somar 'n bloedjong koetjje daardie; ek wil haar nie noual verkoop nie.”

Later wou oom Frikkie ook glad nie meer één

TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

bees laat uitkeer nie en sê toe: „So, ou Neef, nou moet jy tevrede wees met die trop wat jy reeds uitgekeer het; daardie oorskiet hou ek nou en sal hulle onder geen omstandigheid verkoop nie.”

„Nou maar laat ek nou asseblief nog net daardie groot geellapkoei kry”, soebat die koper.

„Nou maar ek het jou dan nou al honderd-maal gesê dis ou Saar se koei; loop vra haarself”, antwoord oom Frikkie.

Die koper slaan oom Frikkie vleierend op die skouer en sê: „Ag wat, oubaas, jy en tant Saar is mos tog natuurlik nie op huweliksvoorwaardes getroud nie, dus sal sy g'n bohaai opskop oor daardie één ou koei nie.”

„Nee jong”, antwoord oom Frikkie, „ons is nie op daardie soort voorwaarde getroud nie, maar daardie geellapkoei, daardie Geelmeis, is ou Saar se eie, spesiale bees wat sy in 'n treurige jaar as weeskind uit haar hand met melkies gevoed het en later deur dik en dun groot gemaak het en toe weer later leer gesels het in 'n taal wat ou Saar en ou Geelmeis alleen kan verstaan; daarom, loop vra haarself of jy die ou dier kan kry.”

Sonder ander redenasie stap die twee mans dan toe maar huis-toe. Toe die koper kort daarna 'n kommietjie koffie uit tant Saar se hand ontvang sê hy: „Tant Saar kan gerus vir ou Geelmeis vandag aan my verkoop; kyk Tante, siekte en dood staan nie stil nie en dus kan ou Geelmeis

TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

te vrek kom, en dan het Tante niks van haar nie. Verkoop haar vandag vir 'n goeie som wat ek bereid is om te gee, en dan koop Tante met die geld 'n nuttige aandenking wat kan dien as 'n dierbare gedagtenis en herinnering aan ou Geelmeis."

Tant Saar laat sak haar kop. Toe steek sy haar hand in 'n diep roksak en haal 'n outydse silwersnuifdoos te voorskyn waaruit sy 'n knypie vat en met groot omslagtigheid eers na die een en toe na die ander neusgat bring. Daarop druk sy met die punt van 'n geel doek tweemaal teen elke neusvleuel en toe sê sy: „Neef, jy vra vir my vandag 'n baie wonderlike ding; dis seker, 'n wonderlike ding."

„Hoe so, Tante?" vra die beeskoper.

„A, daar lê die ding, jy weet *self* nie wat jy vra nie", antwoord tant Saar.

„Maar hoor dan nou vir Tante", sê die beeskoper, „ek vra dan vir ou Geelmeis."

„Ja, Neef", sê tant Saar, „jy vra vir Geelmeis — reg genoeg — maar een ding kan ek jou vandag sê: net soos 'n jongkêrel eers 'n nôï baie goed moet ken of behoort te ken voor hy haar vir haar ouers vra, net so moet die man wat vir Geelmeis wil hê eers vir haar *ken*, sodat hy kan weet *wat* hy vra."

Die beeskoper lag. Toe sê hy: „Nou maar ek het baie tyd, tant Saar, vertel my dan tog asse-

TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

blief die volle waarde en hele lewensgeskiedenis en ganse aard van ou Geelmeis; dan ken ek haar mos en weet *wat* ek vra."

„Nee, my Neef”, antwoord tant Saar, „dit wil ek juis nie doen nie, want jy sal my dan tog net misverstaan en dink dat ek van my ou koei 'n afgod maak; maar ek kan jou darem sê dat dit nie die geval is nie.

Maar ou Geelmeis het vir my as iets onmisbaars op ons werf geword. Sy het met die groot droogte van 1897 in die wêreld gekom. Toe was sy net so hulpeloos as 'n miskende en weggegooide weeskind.

Haar ou uitgehongerde en vermaerde moeder het glo goed geweet dat sy nie meer lank in die vreeslike droogte sou lewe nie, en dus het sy haar ou kalfie letterlik aan my afgestroop, want toe ek in daardie dae op 'n goeie môre opstaan, toe lê die ou verwaarloosde kalfie wat dié nag in die wêreld gekom het, daar so vlak voor my tentdeur en bulk met 'n ou teer kalfstemmetjie wat dwarsdeur my siel gegaan het.

Toe het ek die ou dingetjie saggies laat optel en in my ou kookskermkie op 'n sagte vel laat neerlê. Ek kon nie biesmelkies kry nie, en so moes ek 'n soort bies *maak* van seker voedingstowwe wat met die ou kalfsmagie kon akkordeer. En daarna het sy, die ou kalfie, baie dae gelê om te vrek, maar ek het moed gehou en haar

TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

gevoer en gedokter, maande lank. En sy het later sterk geword en gegroei en 'n jaar oud geword. Toe het ek haar Geelmeis genoem.

Maar dis nog niks, my ou Neef, dis nog niks. Jy ken nie vir Geelmeis wat nou vandag daar in ons beeskraal op haar oudag nog gesond staan en herkou nie. Daarom wil jy haar koop en daarom bied jy my geld vir haar aan. Maar jy weet nie dat geld nie die ding is in arme ou Geelmeis se geval nie. Jy dink Geelmeis moet nou op haar oudag iets vir haar ou nooi inbring as 'n soort van beloning vir wat haar ou nooi aan haar gedoen het. Maar dis ook nie die geval nie. Geelmeis het al baie, *baie* kinders en kindskinders in ons ou beeskraal rondom haar tesame gehad, en ons het van haar al baie meer nut as van al ons ander beeste gehad.

Vra maar hier vir ou Frikkie; hy het van ou Geelmeis se geslag al mooi osse, lekker melkkoeie en pragtige verse verkoop. En tog het ou Geelmeis nog 'n groter famieliekring vandag as enigeen van ons ander ou koeie. En daarom, my ou Neef, jy verstaan nie die ding nie."

Die beeskoper skud nou sy kop ongeduldig en sê toe: „Nee, tant Saar, ek erken, nou verstaan ek van die hele affêre glad niks nie. Maar kom, dis nou 'n kort storie, *wil* tant Saar die ou koei verkoop, ja of nee?"

„My liewe ou Neef”, antwoord sy, „jy is te

TANT SAAR VERRAAI 'N KOEI

haastig met my; jy moenie vir my so onverwags in 'n hoekie drywe nie, want dan kan ek 'n groot fout maak . . .”

„O, tant Saar wil tyd hê”, sê die beeskoper, „om eers goed oor die saak te dink! Nou goed, ek gaan nou eers hier kortby ander beste koop en dan kom ek môre hoor wat tant Saar besluit het om te doen.”

Na hierdie woorde staan hy ook somar op om te groet en te vertrek. Tant Saar groet hom baie verleë en almal kon somar aan haar sien dat sy glad nie met hierdie uitslag tevrede is nie.

Na die beeskoper weg is, sê oom Frikkie: „Saar, my ou hartlam, nou kan ek jou darem glad nie met ou Geelmeis verstaan nie; soms lyk dit jy wil haar verkoop en soms wil ek sweer jy sal haar in der ewigheid nooit wegmaak nie!”

Tant Saar kyk vir oom Frikkie so skuins aan en toe sê sy: „Heei ja, Frikkie, en jy het my tog al die jare onder alle omstandighede so goed verstaan! In ons voorspoed, in ons siektes, by ons kindertjies se dood, in ons gevare, in al ons lief en leed — was dit dan nog altyd jy wat my verstaan het en so saam met my alles gevoel en gedra het. En hoe is dit dan moontlik dat jy my nou vandag in die geval van ou Geelmeis ook nie kan verstaan nie?”

Oom Frikkie staan so 'n hele rukkie diep ingedagte. Toe skud hy sy kop en sê: „Nee, waar-